## HOOFSTUK 3

# *Onderwyskeuring in die TOD —'n kritiese beskouing*

### 3.1 INLEIDING

By talle geleenthede en op vele terreine van die beroepswêreld moet beslissings oor die plasing van persone in vakante poste gemaak word. Ten einde hierdie beslissings suksesvol deur te voer, moet daar vasgestel word of 'n kandidaat aan die vereiste norme beantwoord. Selektiewe keuring vir die identifisering van geskikte mannekrag het noodsaaklik geword (Bondesio & De Witt, 1986: 228). Hierdie aspek is in toenemende mate ook vir die onderwys waar.

Hierdie hoofstuk word in die lig van bogenoemde, aan 'n kritiese beskouing van keuringsmetodes vir die onderwysberoep gewy, met spesifieke verwysing na die TOD en die gebruik van die TOD 53.

### 3.2 BEGRIPSVERKLARING

#### 3.2.1 Werwing

In die beroepswêreld word werwing gesien as wyses waarop die beste beskikbare potensiële kandidate beïnvloed word om aansoek om bepaalde vakante poste te doen (Bondesio & De Witt, 1986:226; Ivancevich & Glueck, 1985:154). Werwing behels volgens Gerber *et al.* (1987:151) en De Villiers & Du Toit (1986: 371) die benutting van bepaalde werwingsbronne (die sogenaamde teikengroep wat dikwels skole en tersiêre inrigtings insluit) deur die gebruik van bepaalde werwingstegnieke (onderhoude, werwingstoesprake, beroepsvoorligting, advertensies, ensovoorts) en werwingsmiddele (finansiële vergoeding, byvoordele, werksomstandighede, bevorderingsmoontlikhede en potensiële werksbevredi-

ging). Werwing word voorafgegaan deur 'n omskrywing van die pos (posbeskrywing), die identifisering van kriteria wat op die pos van toepassing is (posspesifikasies wat absolute en wenslike vereistes vir die pos stel) en opgevolg word deur keuring (Van Breda, 1975:54; Gerber *et al.*, 1987:133). 'n Surplusaanbod vergemaklik die keuring van kandidate, terwyl 'n onderaanbod die doeltreffende funksionering van 'n beroep nadelig kan tref.

In teenstelling met ander beroepe vind werwing in die onderwys plaas ten einde potensiële toetreders vir moontlike beurstoekennings en onderwysersopleiding te keur en nie vir keuring met die oog op aanstelling in 'n spesifieke pos nie.

### 3.2.2 Keuring

Keuring word as die mees kritiese moment in die ketting van aktiwiteite ter sprake by die vulling van 'n pos, beskou. Dit word eenvoudig gestel as die proses wat kandidate verdeel in dié aan wie 'n werkgeleentheid aangebied sal word en dié wat nie so 'n aanbod sal ontvang nie (De Villiers & Du Toit, 1986:372); met ander woorde, aanvaarding of verwerping. Die doel van keuring is om uit die moontlike aantal alternatiewe die beste keuse te maak wat die beste moontlikheid vir suksesvolle aanstelling inhou (Bondesio & De Witt, 1986:228; Van Kradenburg, 1989:336). Volgens Van Kradenburg (1988:336) het die keuringsbesluit vier moontlike uitkomste of resultate wat daarop neerkom dat daar twee korrekte en twee verkeerde keuringsbesluite kan wees (sien Figuur 3.1).

Verkeerde besluite word geneem wanneer die beste aansoek in 'n pos waarin die persoon suksesvol kon wees, afgekeur word ('n verkeerde negatiewe fout), of 'n swak kandidaat aangestel word in 'n pos waarin hy later misluk ('n verkeerde positiewe fout). Die uitgangspunt behoort dus te wees om die waarskynlikheid van keuringsfoute te verminder en die waarskynlikheid van korrekte keuringsbesluite te verhoog.

Ten einde groter sekerheid in die keuring in te bou, is 'n aantal keuringsmiddele ontwerp wat met wisselende mate van sukses in die praktyk geïmplementeer word. Die gebruik van hierdie middele word deurlopend in die keuringsproses aangewend om inligting te bekom (Webster, 1988:245). Die keu-

**Figuur 3.1:** *Resultaat van keuringsbesluite*

| | Gekeur | Afgekeur |
|---|---|---|
| | Behaal sukses in werk ** | Sou suksesvol wees in werk * |
| | Is nie suksesvol in werk nie * | Sou nie suksesvol wees in werk nie ** |

* Verkeerde keuringsbesluit
** Korrekte keuringsbesluit

keuringsproses bestaan volgens Gerber *et al.* [1987: 163] en De Villiers & Du Toit [1986:374] uit sewe stappe, naamlik:

- die voorafsiftingsonderhoud;
- voltooiing van 'n aansoekvorm;
- die nagaan van verwysings;
- toetsing;
- indiensnemingsonderhoud;
- mediese ondersoek; en
- finale indiensnemingsonderhoud.

Whyte [1973:25–29] beweer dat daar ten opsigte van die keuringsproses 'n neiging is om weg te beweeg van psigometriese toetse na sogenaamde simuleringstoetse, asook 'n neiging tot groepseleksie. Tydens groepseleksie word 'n groep kandidate doelbewus byeengeroep en 'n relatief groot gedeelte van die beoordeling geskied op grond van die groeplede se wisselwerking met mekaar.

Sedert die evaluasiemetodes van persoonstrekke deur middel van 'n ontleding van die mens se skedel (frenologie), ontleding van persoonlikheid aan die hand van gelaatstrekke (fisionomie), pogings om 'n verband tussen die geboortedatum en beroepsaanleg te kry (astrologie), ontleding van persoonlikheid aan die hand van pigmentasie (blondine-brunet-teorie) of selfs persoonlikheidsontleding gebaseer op handskrif (grafologie), het keuringsprosedures baie meer ontwikkel en wetenskaplik geword (Flippo, 1966:137–138). Verskeie besonderhede van die applikant word akkuraat vasgestel (biografiese gegewens), terwyl ander vaardighede en psigologiese kenmerke steeds moeilik meetbaar bly.

Ook in die onderwys kan daar 'n ontwikkeling op keuringsgebied waargeneem word. Vervolgens word 'n kort oorsig daarvan gegee.

## 3.3 DIE ONTWIKKELING VAN ONDERWYSKEURING—'N KORT OORSIG

### 3.3.1 Onderwyskeuring vanaf die vroegste tye

Vanaf die vroegste tye was daar 'n band tussen onderwys en kerk. Die skakeling tussen onderwys en godsdiens vind sy bestaan reeds by die Israelitiese volk waar profete, skrifgeleerdes, rabbi's en sogenaamde *meesters* sorgvuldig uitgesoek en opgelei is om kennis aan leerlinge oor te dra (Coetzee, 1958a:29). Die uitdrukking *aan die voete van Gamaliël*, is sprekend van hierdie onderwys. Daar was geen formele keuring van onderwysers nie, maar 'n hoë premie is op 'n onbesproke karakter geplaas. Hulle welsprekendheid en vermoë om die kennis waaroor hulle beskik het onder die aandag van die gemeenskap te bring, was ook welbekend.

Die Griekse en Romeinse tye is gekenmerk deur opleiding in redevoering, regsgeleerdheid en die wysbegeerte (Coetzee, 1958a:65–66). Geen formele keuring van onderwysers het plaasgevind nie, maar persone wat hulself bewys het deur hul intellektuele bekwaamheid, opleiding en aansien, het gewoonlik as onderwysers opgetree.

Augustinus het waarskynlik die eerste keuring toegepas deur die persoonlikheid van die onderwyser te beklemtoon. Aangesien die Christelike opvoeder

benewens formele opleiding, ook leiding in die goeie sedelike lewe gegee het, moes die onderwyser sy taak "uit die plig van liefde, uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n onhuigelende geloof" doen (Coetzee, 1958a:112).

Die Middeleeue word gekenmerk deur die stigting van kloosterordes en die nastreef van 'n sedelik-godsdienstige ideaal deur liggaamskastyding en wêreldversaking. Onderwys handhaaf 'n betreklik lae peil en slegs die begaafdes word in kloosters deur monnike en priesters onderrig. Hierdie leermeesters is deur die biskop aangestel slegs indien hulle wetenskaplik genoeg onderlê was. Dit was eers na die val van Konstantinopel dat daar aandag aan meer formele vorming gegee is en leerlinge selfs in ambagte onderrig is (Coetzee, 1958a:141). Teen die einde van die Middeleeue het die onderwysstelsel sodanig ontwikkel dat aandag aan onderwysersopleiding gegee is. Spesifieke keuring het egter nog nie plaasgevind nie. Onderwysers is aangestel op grond van die posisies wat hulle in die samelewing beklee het.

Die Humanistiese tydperk het 'n vloedgolf van sedeloosheid, met die mens as middelpunt, teweeggebring. Baie boeke is in die tydperk gedruk, maar diegene wat uitgesproke humaniste was en hul kennis deur middel van studie aangaande die humanistiese beskouing verbreed het, is as onderwysers aangestel (Coetzee, 1958a:165).

Die Hervormingstydperk het God as die middelpunt gestel en die opvoeding van die kind is as die verantwoordelikheid van die ouers as deur-God-daargestelde opvoeders, gesien. Dié taak kon egter aan onderwysers oorgedra word. Hierdie onderwysers is nie formeel gekeur nie, maar is aangestel volgens bedrewendheid in lees, skryf, reken, Psalmgesang en eenvoudige beroepsonderwys (Coetzee, 1958a:189). Dit is hoofsaaklik uit hierdie ontwikkelingstydperk waaruit ons eie onderwys sy ontstaan te danke het.

Tydperke wat hierna volg, is die Rasionalisme (klem word op deug, wysheid, kennis en gemanierdheid gelê), Naturalisme (natuurlike ontwikkeling van die kind), tydperk van verheerliking van die Psigologie (persoonlike aanleg word beklemtoon), Natuurwetenskaplike tydperk (tegniese onderwys en natuurwetenskaplike kolleges is begin) en die tydperk van Nasionalisme wat lei tot

nasionale onderwys (Coetzee, 1958a:213–255; Pistorius, 1966, 116–170). Ook gedurende hierdie tye is geen formele keuring van onderwysers onderneem nie, maar die staatsbeheerde stelsel van die Nasionalisme het aanleiding tot vernuwing gegee. Op sy beurt het dit daartoe gelei dat keuring van kandidate vir onderwysersopleiding aandag geniet het.

### 3.3.2 Onderwyskeuring in Suid-Afrika

Kort na volksplanting is die onderwys aan die Kaap deur die sieketroosters behartig. Van die *geleerdste* amptenare het soms as huisonderwysers opgetree. Die eerste beheer oor onderwysers was in 1714 met die Onderwysordonnansie van De Chavonnes (Coetzee, 1958b:11). Hiervolgens moes die onderwyser se leer en lewe deur die Goewerneur en die Raad ondersoek en hy bekwaam bevind word. Predikante is later gebruik om hierdie keuring te behartig omdat hulle as die geskikste persone vir hierdie doel beskou is.

Klagtes oor die kwaliteit van privaatonderwysers het tot nuwe maatreëls gelei, soos die Ordonansie van De Chavonnes van 1778 en die skoolorde van De Mist in 1804, om bepaalde vereistes waaraan aspirant-onderwysers moes voldoen, neer te lê (Coetzee, 1958b:176). Gebrek aan geld het egter hierdie maatreëls gekelder en opgeleide onderwysers het selde 'n goed-besoldigde onderwysbetrekking gekry.

Die noodsaaklikheid van keuring van aspirant-onderwysers is steeds beklemtoon, soos blyk uit voorwaardes wat deur die NG-Kerk in die *Kerkbode* van 10 Februarie 1849 uiteengesit is (Kellerman, soos aangehaal deur Van der Merwe, 1979:29). Die uitbreiding van verpligte onderwys in 1919 in Kaapland het gelei tot onderwysersopleiding aan opleidingsinrigtings. In 1929 is die senior sertifikaat as minimum toelatingsvereiste vir aspirant-onderwysers gestel (Coetzee, 1958b:180).

In Transvaal was die toelatingsvereiste in 1912 reeds op matriek gestel. 'n Proeftydperk van ses maande as hulponderwyser en bekwaamheid in lees, skryf en reken is ook vereis (Coetzee, 1958b:322). Die tekort aan onderwysers,

toegeskryf aan ontoereikende salarisse en onbevredigende diensvoorwaardes, was volgens Coetzee oorweldigend en die onderwys is erg gekortwiek.

Die toenemende onderwystekort is eers teen 1950 in al die provinsies van Suid-Afrika aangespreek, met spesiale aandag wat aan werwing van kandidate gewy is. Die gevolg hiervan was dat keuring 'n sekondêre saak geword het. Volgens Visagie (soos aangehaal deur Van der Merwe, 1979:30) het keuring eers in die sewentigerjare, na die instelling van verbeterde salarisse en diensvoorwaardes, weer noodsaaklik begin word. In hierdie tyd het 'n ander probleem egter ontstaan, naamlik dié van 'n versteurde mans/damesverhouding in die onderwys. Die verhouding van mans- teenoor damespersoneel was toe 45% mans, teenoor 55% dames. Bekommernis het ontstaan toe hierdie verhouding teenoor dié van 1945 (66,8% mans en 33,2% dames) geprojekteer is (Du Toit, 1977:3). Die verhoudingsprobleem in die primêre skool is heelwat groter, gesien teen die agtergrond van beskikbare syfers vir 1977—79,6% dames en 20,4% mans. Prof. Kruger van die PU vir CHO het in *Die Transvaler* van 6 Oktober 1975 genoem dat die wegvloei van mans uit die onderwys die gesagsfiguur uit skole laat verdwyn en dat dit veral die adolessent se opvoeding nadelig raak. Van Loggerenberg (1972:9) deel hierdie mening en beweer dat sekere opvoedkundiges en sosioloë die toenemende mate van verwyfdheid by jong seuns juis toeskryf aan die gebrek aan identifikasiefigure in die kinder- en puberteitsjare.

Nog 'n probleem was dat die toename in getal en gehalte onderwysers nie tred gehou het met die toename in die getal leerlinge nie (Le Roux, 1978:3). In 'n ondersoek van Le Roux na faktore wat matriekseuns by die keuse van 'n onderwysloopbaan beïnvloed, is bevind dat die enkele uitstaande faktor wat hulle ontmoedig om 'n onderwysloopbaan te oorweeg, die periodieke stryd van die onderwyser is om 'n leefbare salaris te beding (Le Roux, 1979:170). Dit het enersyds tot gevolg dat die akademiese toppresterende matrikulant deur die privaatsektor gelok word en andersyds dat heelwat van die beste mans en dames die onderwys vir ander mededingender beroepe verlaat.

Die huidige posisie is steeds een waar 'n ooraanbod van dames en 'n tekort aan manlike kandidate bestaan. Dit is verder bekend dat die gehalte manlike

kandidate veel swakker as die dames is. In 'n komplekse samelewing waar die onderwyser as aanvullende (soms enigste) identifikasiefiguur moet optree, moet daar gesorg word dat hy die heel beste is, nie slegs die beste beskikbare nie.

## 3.4 KEURINGSPROSEDURES VAN DIE TOD

Keuringsprosedures van applikante vir onderwysersopleiding en die hantering van aansoeke word in die Handleiding vir algemene skoolorganisasie uiteengesit (TOD, 1985:146–152). Hierin word riglyne vir skoolhoofde en vir departementshoofde: opvoedkundige leiding, wat vir die voorbereiding van dokumentasie vir keuring verantwoordelik is, neergelê. 'n Keurkomitee bestaande uit die Superintendent van Onderwys (Kring) wat as voorsitter optree, die hoof en die voorligteronderwyser van die betrokke skool, asook (op uitnodiging van die voorsitter) die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede van die Onderwyshulpsentrum, hanteer die keuring van kandidate deur gebruik te maak van hierdie dokumentasie en 'n keuringsonderhoud.

Keuring van kandidate vir primêre onderwys vind, benewens hierdie keuring, ook by onderwyskolleges plaas. 'n Keurkomitee word uit eie geledere saamgestel en bestaan gewoonlik uit 'n vise-rektor, 'n departementshoof vir die seniorprimêre onderwys, 'n departementshoof vir die juniorprimêre onderwys, 'n verteenwoordiger van die kollege se sportkantoor en 'n verteenwoordiger van die kollege se studentediensburo. Die normale dokumentasie geld en die gewone prosedure word gevolg.

### 3.4.1 Toelatingsvereistes vir onderwysersopleiding

Die minimum akademiese toelatingsvereistes vir primêre en sekondêre onderwysersopleiding (slegs diploma-opleiding) is 'n st. 10-sertifikaat met slaagsimbole in albei die amptelike tale (die eerste taal op die hoërgraad en die tweede taal op die hoër- of standaardgraad) plus minstens een ander skoolvak op hoërgraad—die amptelike tale uitgesluit. Geen kandidaat word voorwaardelik toegelaat nie. Bewys van Suid-Afrikaanse burgerskap moet ook gelewer word.

Graadstudente kies twee verbintenisvakke (sien 3.4.4.1) wat gewoonlik hul hoofvakke is. Die finale keuringstap (seleksie) word gedoen na aanleiding van kwotas ten opsigte van veral hierdie eerste verbintenisvak (sien 3.4.6).

Kandidate wat 'n graadkursus aan 'n universiteit wil volg, moet benewens hierdie vereistes, ook aan die toelatingsvereistes soos deur die betrokke universiteit gestel, voldoen (TOD, 1985:149).

### 3.4.2 Werwing

As deel van die Beroepsvoorligtingsprogram (TOD, 1988) word leerlinge voorgelig ten opsigte van beroepe en kry hulle geleentheid vir die insameling van beroepsinligting. Die onderwysberoep maak ook deel hiervan uit. Informele werwing vind verder deur onderwyserbeïnvloeding of onderwyseroptrede plaas.

Formele werwing vind egter ook plaas waar onderwysers leerlinge met potensiaal oorreed om onderwys as beroep te oorweeg. Inligting word dan dikwels gebaseer op die positiewe in die beroep en roepingsbewustheid dra groot klem. Die TOD het streekswerwingskomitees wat vir die werwing binne elke streek verantwoordelik is. Hierdie komitees word deur die Direkteur: Streek saamgestel en bestaan gewoonlik uit verteenwoordigers van sekondêre skole (hoofde en DSO[e]), opleidingsinstansies (universiteite en onderwyskolleges), onderwyshulpsentra (onderwysadviseurs: loopbaanaangeleenthede) en superintendente van onderwys (Kring). Die Superintendent: Onderwysersopleiding van TOD-hoofkantoor besoek die streke gedurende die eerste kwartaal, waartydens inligting aangaande daardie jaar se werwing en keuring aan hierdie komitee oorgedra word. Bepaalde knelpunte word onder die aandag van die vergadering gebring en riglyne vir die werwingsaksie aangedui. Daar word dikwels nuwe kursusse en merietebeurse vir bepaalde studierigtings waarin leemtes bestaan, bekendgestel om kandidate te lok. Opleidingsinstansies kry dan ook die geleentheid om inligting ten opsigte van kursusse en toelatingsvereistes wat verander of uitfaseer, bekend te maak.

Inligting vanuit hierdie komitee, asook algemene inligting rakende die onderwysberoep, word deur die voorligter-onderwyser by skole aan matriekleerlinge

wat in die onderwys belangstel, beskikbaar gestel. Die nodige dokumentasie vir aansoeke word voorsien en die keuringsprosedure verduidelik.

### 3.4.3 Voorafkeuring en selfseleksie

Nie alle kandidate wat in onderwys belangstel, meld vir keuring aan nie. Voorafkeuring deur bepaalde kandidate wat nie aan die minimumvereistes voldoen nie, of wat oor persoonstrekke beskik wat vir die onderwysberoep as ongewens beskou word, te ontmoedig of weg te wys, word deur die hoof of voorligteronderwyser gedoen. Selfseleksie vind plaas wanneer kandidate dink dat hulle nie oor die eienskappe om 'n onderwyser te word, beskik nie en dus vooraf verwag dat hulle nie gekeur sal word nie (Zak, 1981:266). Soms word kandidate om dieselfde rede deur hul portuurgroep ontmoedig. Navorsing toon dat dié modeltipe waarteen die kandidaat homself dikwels meet, tot gevolg het dat die meer konformerende, konserwatiewer en aanpasbaarder kandidate tot die onderwys toetree (Zak, 1981:271). Voornoemde eienskappe onderskei volgens Zak die onderwysstudent (as groep) van ander studente.

Die proses van selfseleksie word aangetref selfs nadat kandidate gekeur is en, in sommige gevalle, selfs nadat studie 'n aanvang geneem het.

### 3.4.4 Dokumentasie

Dokumentasie wat vir keuring benodig word, sluit die TOD 117, TOD 249 en TOD 53 in. 'n Gewaarmerkte afskrif van die eerste bladsy van die identiteitsdokument word ook aangeheg. Vervolgens word die inhoud, doel en hantering van elk bespreek.

#### *3.4.4.1 TOD 117U/117P*

Twee vorms word gebruik, naamlik die TOD 117U (aansoek om 'n onderwysopleidingskursus vir die sekondêre skool aan 'n universiteit of onderwyskollege in Transvaal te volg en om 'n verbintenis met die TOD aan te gaan) en die TOD 117P (aansoek om 'n onderwysopleidingskursus vir die preprimêre of primêre skool aan 'n onderwyskollege in Transvaal te volg).

Die eerste afdeling van TOD 117 bevat identifiserende besonderhede van die applikant, terwyl die tweede inligting oor die hoërskoolloopbaan bevat. Die derde afdeling bevat inligting oor die voorgenome studierigting wat ook die verbintenisvakke insluit. Die inligting vervat in hierdie eerste drie afdelings van TOD117 is presies dieselfde as dié in TOD 117P, maar die res van die vorms verskil.

Afdeling vier van TOD 117U bevat inligting soos die eksamen- en sentrumnommer. Afdeling vyf word slegs deur kandidate wat reeds universitêre opleiding ontvang het voltooi en sluit inligting ten opsigte van hierdie studie in. Afdeling ses bring die kandidaat op hoogte van die bepalings van Artikel 84(c) van die Onderwysordonnansie (1953). Die vorm word deur die applikant, sowel as die skoolhoof/dekaan van die fakulteit onderteken as verklaring dat alle inligting korrek is. Duidelike instruksies vir die invul van die aansoek word aangeheg.

Aangesien die TOD 117P terselfdertyd 'n aansoek vir koshuisinwoning insluit, word dit by afdeling vier aangedui. Die vyfde afdeling bevat 'n aansoek om finansiële hulp, terwyl die bepalings van Artikel 84(c) van die Onderwysordonnansie in afdeling ses onder die applikant se aandag gebring word en deur die skoolhoof en applikant onderteken word. Afdeling sewe voorsien 'n ruimte vir opmerkings deur die skoolhoof, terwyl die agtste afdeling 'n verklaring van die ouer bevat waarin die rektor van die onderwyskollege gemagtig word om as verteenwoordiger van die ouer op te tree, en die instansie vrywaar van geregtelike stappe in die geval van ongelukke wat tydens studiejare mag voorkom.

### *3.4.4.2 TOD 249*

Hierdie is 'n geneeskundige verklaring en dui die applikant se fisiese toestand aan. Afdeling A bevat biografiese inligting en 'n verklaring ten opsigte van bepaalde siektes en operasies. Hierdie verklaring moet deur die applikant onderteken word wat ook beteken dat hy hom bereid verklaar om aan sport en liggaamlike aktiwiteite deel te neem. Afdeling B is 'n vertroulike geneeskundige verklaring ten opsigte van die applikant se algemene gesondheidstoestand en

word deur sy huisarts voltooi. Waar enige onsekerheid bestaan of afwykings aangetoon is, word bykomende verslae van 'n spesialis verlang—tensy die huisarts uit hoofde van sy eie ondersoek en kennis van die pasiënt, 'n afdoende verslag kan indien. Toestande onder behandeling word aangedui en 'n verslag daarvan moet by die TOD 249 aangeheg word.

*3.4.4.3 TOD 53*

Die TOD 53 (sien Bylae C) is 'n vertroulike verslag wat tydens die keuringsonderhoud gebruik word. Die samestelling en gebruik daarvan word vir die doel van hierdie studie meer breedvoerig bespreek.

Die vorm maak voorsiening vir identifiserende besonderhede. Die naam, woonadres, skool, kursus en opleidingsinstansie is hier ter sprake. Die applikant dui sy of haar eerste en tweede keuse van opleidingsinstansie aan.

Deel 1 van die vorm bevat 'n verslag deur die applikant se skoolhoof en word voor die finale keuring na raadpleging met personeel en, indien nodig, met die ouers of voogde van die betrokke applikant voltooi. Die tydperk wat die applikant die betrokke skool bygewoon het, die geboortedatum, geslag, huistaal, IK-telling en 'n aanduiding of die applikant se vakversameling aan universiteitstoelating voldoen, word hier ingevul. Punt agt van hierdie afdeling is 'n volledige skoolrekord van die applikant se akademiese prestasie vanaf standerd agt. Aangesien die finale matriekpunte vir matrikulante nog nie met keuring beskikbaar is nie, word geskatte of verwagte simbole daarvoor aangedui. Die applikant se bekwaamheid vir hoër akademiese studie en sy gesindheid ten opsigte van studie moet ook aangedui word. Deelname, aanleg en prestasies in sport- en kultuuraktiwiteite word, tydens veral die laaste twee skooljare, volledig gerapporteer. Daar word vir die vermelding van leerlingampte en ander leiersposisies voorsiening gemaak. Spraakgebreke en -belemmerings word ook hier aangedui.

Punt dertien van hierdie afdeling bestaan uit 'n persoonsbeeld van die applikant. Dit maak van 'n vyfpuntskaal gebruik (A—buitengewoon goed, $B^+$—baie goed, B—goed, $C^+$—bevredigend en C—swak, nie aanvaarbaar nie) en dui die

applikant se peil in 'n aantal hoedanighede aan. Hierdie hoedanighede word deur konsensus van opinie beoordeel (deur die skoolhoof en DSO) en sluit die volgende hoedanighede in:

- Algemene voorkoms—aantreklikheid; netheid; aangenaamheid.
- Geaardheid—indruk op ander; opgewektheid; vriendelikheid; hoflikheid; gemanierdheid; wakkerheid.
- Doelgerigtheid—ywer; pligsgetrouheid; geestesenergie; volharding; gesindheid teenoor skoolwerk.
- Uitdrukkingsvermoë (eerste taal)—taalbeheer; taalgebruik; vlotheid; stemgebruik; vermoë om gedagtes oor te dra.
- Kennis en gebruik van tweede taal—buitengewoon goed; baie goed; goed; bevredigend; swak.
- Bydrae tot die skoollewe—deelname aan skoolaktiwiteite en -verenigings: toneel, debat, musiek, sport en dies meer; leierskap.
- Sosialisering en medemenslikheid—deelname aan sosiale bedrywighede; deelname aan klasbesprekings; gemaklike omgang met ander; vriendskapsbande met ander.
- Godsdienssin en sedelike norme—sterk positief; positief; normaal; effens swak; negatief.

Na voltooiing van voornoemde persoonsbeeld word 'n globale simbool toegeken wat die applikant se geskiktheid vir die onderwys weerspieël. Die hoof beveel die applikant aan of nie aan nie en verstrek redes indien die applikant nie aanbeveel word nie. Die bepalings van Artikel 84(c) van die Onderwysordonnansie van 1953 word onder die applikant se aandag gebring en die hoof kry geleentheid om samevattende opmerkings of aanbevelings te maak. Hierdie afdeling word deur die hoof se handtekening bevestig.

Instruksies vir hierdie afdeling vereis dat dit met groot omsigtigheid en so objektief moontlik ingevul moet word. Die globale simbool behoort hoog met die profiel van die persoonsbeeld en die intellektuele prestasies te korreleer.

Die tweede deel is die keurkomiteeverslag en word op die keuringsonderhoud gebaseer (sien 3.4.5). Dit bestaan uit 'n persoonsbeeld wat saamgestel word

deur die evaluering van bepaalde hoedanighede op 'n vyfpuntskaal soos by afdeling een. Hoedanighede wat hier beoordeel word, is:

- Algemene voorkoms—aantreklikheid; netheid; aangenaamheid.
- Belangstelling—belesenheid; algemene kennis.
- Oortuigdheid van beroepskeuse—idealisme; gesindheid teenoor die onderwys; roepingsin.
- Uitdrukkingsvermoë (eerste taal)—taalbeheer; taalgebruik; vlotheid; uitspraak; artikulasie; stemgebruik; vermoë om gedagtes oor te dra.
- Vermoë om die tweede taal te praat.
- Volwassenheid—mate van volwassenheid bereik.
- Persoonlikheid—indruk op persone wat die onderhoud voer; selfvertroue; kommunikasievermoë.

Volgens die instruksies moet elke lid van die keurkomitee 'n persoonsbeeld van die applikant saamstel—op afsonderlike metingsvorms, gebaseer op eie oordeel. Na afloop van die onderhoud word die bevindings van die lede van die keurkomitee bespreek en gekonsolideer, en word die finale bevinding deur die voorsitter op die oorspronklike vorm aangebring. Hierna word die afsonderlike metingsvorms vernietig. 'n Globale graderingspunt wat die persoonsbeeld reflekteer, word toegeken en die voorsitter gee 'n samevattende opmerking of aanbeveling. Hierdie afdeling word deur die handtekening van die voorsitter van die keurkomitee bevestig. Die applikant word weer eens bewus gemaak van die bepalings van Artikel 84(c) van die Onderwysordonnansie van 1953. Applikante wat nie minstens 'n $C^{+}$ in hierdie afdeling behaal nie, word deur die skoolhoof ingelig dat hulle nie vir opleiding oorweeg kan word nie. Die aansoek- en keuringsvorms van hierdie applikante word nie vir seleksie ingestuur nie. Applikante word daarop gewys dat keuring tydens die onderhoud nie noodwendig toelating tot die opleidingskursus verseker nie.

### 3.4.5 Die keuringsonderhoud

Die keuringsonderhoud vind op 'n datum soos deur die voorsitter bepaal, plaas; gewoonlik aan die einde van die eerste of begin van die tweede kwartaal.

Alle dokumentasie word vooraf deur die skool voltooi en gekontroleer. Die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede van die onderwyshulpsentrum doen finale kontrole van dokumentasie en verleen hulp waar nodig. Hy sien toe dat alle vorms volledig en korrek voltooi is, dat vakkeuse en kursuskeuse toepaslik is en dat applikante ingelig is oor die voorwaardes van die voornemende verbintenis, veral ten opsigte van die implikasie van die verbintenisvakke en beursverbintenis.

### *3.4.5.1 Verloop van die onderhoud*

Die keurkomitee bestaan uit die Superintendent van Onderwys (Kring) wat as voorsitter optree, die hoof van die betrokke skool, asook die departementshoof: opvoedkundige leiding en, indien deur die voorsitter versoek, die voorligteronderwyser. Die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede van die onderwyshulpsentrum is gewoonlik op versoek van die voorsitter in adviserende hoedanigheid lid van die komitee.

Applikante word vooraf ingelig wanneer die onderhoude plaasvind en afhangende van die aantal applikante en die voorgenome studierigting, word hulle gewoonlik gegroepeer. Groepe van drie tot vyf is nie ongewoon nie. 'n Onderhoud verloop basies soos volg:

- Dokumentasie word voorgelê en evalueringsvorms word aan elke lid van die komitee verskaf.
- Applikante word aan die komitee voorgestel en neem in naamvolgorde volgens die evalueringsvorms plaas.
- Die voorsitter heet applikante welkom en verduidelik die verloop asook die rede vir onderwyskeuring.
- Elke applikant kry 'n geleentheid om bepaalde vrae te beantwoord of 'n mening uit te spreek. Deur middel van vraagstelling deur die voorsitter, aangevul deur komiteelede, word applikante beoordeel ten opsigte van hoedanighede soos uiteengesit in die TOD 53 (sien 3.4.4.3)
- Applikante kry die geleentheid om onduidelikhede uit die weg te ruim deur vrae aan die voorsitter of ander lede van die komitee te vra.

- Na afloop van elke groepsonderhoud word die TOD 53-vorms finaal (volgens konsensus) vir elke applikant van daardie groep voltooi.
- Kandidate wat nie vir onderwysopleiding gekeur word nie, word later deur die skoolhoof daaroor ingelig.

*3.4.5.2 Vraagstelling tydens die onderhoud*

Vraagstelling tydens die onderhoud is daarop gerig om die komitee voldoende geleentheid te gee om applikante sinvol ten opsigte van elke onderafdeling van die TOD 53 (Deel II) te kan beoordeel. Deur waarneming word die algemene voorkoms beoordeel, terwyl die vermoë om die eerste taal te gebruik, persoonlikheid en volwassenheid uit die antwoorde en vrae van applikante afgelei word. 'n Eie oordeel word vir elke hoedanigheid op die evalueringsvorm ingevul. Tipiese vrae om die applikant se belangstelling, belesenheid en algemene kennis te bepaal, handel oor die volgende onderwerpe:

- Aktuele nuusgebeure.
- Die algemene politieke situasie in die land.
- Nasionale en internasionale sportgebeure.
- Nasionale kultuuraangeleenthede.
- Plaaslike nuusgebeure.
- Bepaalde onderwerpe wat verband hou met punte 9 en 10 van die TOD 53 (Deel I), byvoorbeeld musiek en letterkunde.

Tipiese vrae om die applikant se sekerheid van beroepskeuse te bepaal, is die volgende:

- Waarom oorweeg u die onderwys as loopbaan?
- Waarom oorweeg u die kursus soos deur u gekies?
- Wat sou u doen as u nie vir die onderwys gekeur word nie?
- Is daar 'n toekoms in die onderwys, veral gesien teen die agtergrond van 'n ooraanbod van onderwysers en die politieke ontwikkeling in die land?
- Wat is u siening van die ideale onderwyser?
- Wat is u siening van straf en tug?
- Is skooldrag nodig?

- Is skoolreëls nodig?
- Wat is u gesindheid teenoor skoolaktiwiteite gedurende naweke en skoolvakansies?
- Wat sou u optrede wees as die hoof u versoek om 'n aktiwiteit aan te bied waarvan u geen kennis het nie?

Die applikant se vermoë om die tweede taal te praat, word beoordeel aan die hand van 'n gesprek in die tweede taal oor 'n bekende onderwerp. Onderwerpe vir gesprekke kom dikwels uit bepaalde inligting wat in die TOD 53 verstrek word, byvoorbeeld plek van herkoms, sport, kultuur, leiersposisie, akademiese prestasie, ensovoorts.

Die onderhoud ontwikkel spontaan in 'n gemaklike gesprekvoering waar applikante van mekaar kan verskil of mekaar se sienings kan aanvul. Dit word egter bepaal deur die wyse waarop die voorsitter gesprekvoering toelaat of aanmoedig.

### 3.4.6 Seleksie

Na afloop va die keuringsonderhoude word 'n opsommende staat van alle gekeurde applikante opgestel en saam met die dokumentasie na die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede versend vir verdere hantering. 'n Soortgelyke, opsommende staat van afgekeurde applikante word sonder dokumentasie ingestuur.

Die onderwysadviseur doen finale kontrole en versend dokumentasie na die streekkantoor of soos tydens die streekswerwingsvergadering bepaal is (sien 3.4.2). Die verantwoordelike persoon versamel dokumentasie en sorteer dit volgens opleidingsinstansie. Dokumentasie van kandidate vir primêre onderwysopleiding word direk aan die betrokke onderwyskollege gestuur. Kwotas word per kursus aan onderwyskolleges toegeken en seleksie vind volgens eie kriteria wat uit die onderafdelings van die TOD 53 en die keuringsimbool van die keurkomitee saamgestel word, plaas. Dokumentasie vir sekondêre onderwysopleiding word aan die TOD-hoofkantoor gestuur waar seleksie volgens bepaalde kwotas en kriteria gedoen word. Kwotas vir elke kursus word volgens

behoefte bepaal en applikante word oorweeg deurdat gewigte vir elke afdeling van die TOD 53 toegeken word en 'n ranglys opgestel word. Seleksienorme geld, onder andere, ten opsigte van verbintenisvakke. In die eerste verbintenisvak word 'n C-simbool op die hoërgraad vereis, terwyl 'n verdere drie D-simbole op die hoërgraad in enige ander drie vakke vereis word (Webber, 1993). Topkandidate word onmiddellik na seleksie van die uitslag in kennis gestel en word dan versoek om as onderwysstudente te registreer. 'n Aantal kandidate word op 'n waglys geplaas, terwyl 'n gedeelte van die kwota vir laat aansoeke uitgehou word. Applikante wat registreer, sluit 'n kontrak met die TOD wat gewoonlik finansiële steun insluit, maar nie noodwendig die sekerheid van 'n betrekking inhou nadat die studie suksesvol afgehandel is nie.

## 3.5 'N KRITIESE EVALUERING VAN HUIDIGE KEURINGSMETODES

### 3.5.1 Empiriese ondersoeke na onderwyskeuring in die TOD

Die enigste empiriese ondersoek tot op hede, wat spesifiek op die evaluering van onderwyskeuring in die TOD gerig is, is dié van Moolman (1981). In hierdie ondersoek is 539 diensdoenende onderwysers met twee tot vyf jaar onderwyservaring betrek. Hierdie groep is in twee verdeel, naamlik hoogs doeltreffende onderwysers (dié wat prestasietoekenning ontvang het = 281) en minder doeltreffende onderwysers (dié wat nie prestasietoekenning ontvang het nie = 258). Die twee groepe is retrospektiewelik vergelyk op die tydstip toe hulle vir onderwysersopleiding aansoek gedoen het. Die belangrikste bevindinge van hierdie ondersoek (Moolman, 1981:331–334) is die volgende:

- Die betroubaarheid en geldigheid van die keuringsonderhoud word grootliks deur die onderhoudvoerder bepaal. Indien die onderhoud informeel geskied, is dit in 'n hoë mate subjektief.
- Die onderhoud kan nie as keuringsinstrument vervang word nie; dit behoort egter goed gestruktureerd toegepas te word en onderhoudvoerders behoort geselekteer en opgelei te word. Verdere navorsing word in dié verband benodig.

- Simboolwaardes wat tydens die keuringsonderhoud toegeken is, blyk steeds die betroubaarste seleksiekriterium te wees.
- Skolastiese prestasie van onderwyskandidate vergelyk ongunstig met dié van ander beroepe.
- Oor die algemeen word 'n beduidende korrelasie tussen skolastiese prestasie en onderwysdoeltreffendheid aangetref. Skolastiese prestasie behoort dus een van die keuringskriteria te wees.
- Alle kwaliteite van intelligensie word nie in die IK-punt weerspieël nie. IK-punte speel oor die algemeen 'n ondergeskikte rol as keuringsmiddel, aangesien uiteenlopende resultate deur navorsers verkry word waar dit in verband gebring word met die voorspelling van onderwysdoeltreffendheid. Dit behoort nie 'n kriterium vir keuring te wees nie.
- Daar bestaan 'n positiewe korrelasie tussen die deelname aan sport en die vorming van persoonlikheid, sosiale oriëntasie en skoolprestasie van die deelnemer. Daar is egter min bekend oor die verband tussen die betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite en doeltreffende onderwys. Dit behoort dus nie as kriterium te geld nie, maar daar behoort voorkeur verleen te word aan die kandidaat wat ook buitekurrikulêr presteer.
- Standaardkriteria is nie vir alle groepe onderwyskandidate geskik nie.
- 'n Doeltreffende model vir seleksie van onderwyskandidate waarin seleksiekriteria saamgevoeg is, ontbreek steeds.

Moolman se studie het slegs dié groep betrek wat aanvanklik gekeur is, hulle studie suksesvol voltooi het en verder gelukkig was om 'n pos in die onderwys te bekom. Dit maak waarskynlik 'n baie klein deel uit van die oorspronklike groep wat vir keuring aangemeld het. Indien aanvaar word dat:

- 'n aantal nie gekeur is nie;
- 'n aantal gekeurdes nie vir opleiding geselekteer is nie;
- 'n aantal geselekteerdes nie finaal onderwys as studierigting gekies het nie;
- 'n aantal onderwysstudente nie hul studie voltooi het nie; en
- 'n verdere aantal nie onderwysposte bekom het nie; of
- reeds die onderwys verlaat het voor die studie onderneem is,

word die volledigheid en geldigheid van Moolman se navorsing bevraagteken.

Miller (1992:98) waarsku teen die gebruik van akademiese prestasie as kriterium, veral in 'n nuwe bedeling. Hiervoor verskil die kwaliteit in onderwys nog te veel. Indien daar applikante is wat nie genoegsaam deur die skoolstelsel vir toelating tot tersiêre opleiding voorberei word nie, moet daarteen gewaak word om kriteria in te sluit wat juis op daardie voorbereiding gebaseer is wat deur hierdie applikante ontbeer word.

Vervolgens word aandag aan probleme soos dit in die praktyk ondervind word, geskenk. Dit sal met voorbeelde uit die literatuur ondersteun word.

### 3.5.2 Algemene toelatingsvereistes en eienskappe van onderwysstudente

Kommer uit verskeie oorde word uitgespreek oor die gehalte van kandidate, veral manskandidate vir primêre onderwys (Du Plessis & Vosloo, 1993:71; Brookhart & Freeman, 1992:37). Die gevoel is dat die minimum toelatingsvereistes dalk nie genoeg is nie. Dit lei volgens Tauber (1992:97) onnodig tot uitsprake soos: "Those who can, do. Those who can't, teach."

Die minimum toelatingsvereistes vir toetrede tot die onderwys berus uitsluitlik op akademiese gronde. Potensiële kandidate behoort slegs die nodige simbole te behaal (sien 3.4.1) om vir onderwys aansoek te doen. Die indruk word sodoende geskep dat akademiese prestasie nie van groot belang vir die beroep is nie en gevolglik doen heelwat kandidate wat die minimum toelatingsvereistes skaars haal, aansoek. Hierdie aansoeke geld veral vir die primêre onderwys. Dit mag die indruk skep dat primêre onderwys minder belangrik is en toegelaat kan word om die laer kwaliteit akademiese presteerder te trek. Du Plessis & Vosloo (1993:71) spreek hul kommer hieroor uit en verwys na aanbevelings in Brittanje dat ten minste 75% studente wat tot onderwysersopleiding toegelaat word, oor dieselfde kwalifikasies behoort te beskik as studente wat tot die eerste graadkursus toegelaat word. Kemble (1971:205) ondersteun hierdie gedagte en beweer dat dit billik is om te verwag dat vereistes vir onderwysersopleiding dieselfde as dié vir enige ander professie behoort te wees.

Brookhart & Freeman (1992:41) het die eienskappe van onderwysstudente ondersoek en bevind dat hulle van 'n laer sosio-ekonomiese status as ander stu-

dente is; altruïstiese en diensgeoriënteerde motiewe aanvoer as rede vir onderwystoetrede; oor 'n hoë mate van selfvertroue beskik en oordeel dat hulle oor die kwaliteite wat in die onderwys benodig word, beskik; meer bekommerd is oor vakinhoude as menseverhoudings en onderwys as die oordrag van inligting en kennis beskou. Die algemene gevoel was egter dat die onderwyser se opvoedende taak en sy interpersoonlike verhoudinge belangriker is as die akademiese. Uit ander studies is bevind dat hoofsaaklik dames die onderwys as loopbaan oorweeg; hulle minder bekommerd is oor salarisse; oor laer intellektuele vermoëns beskik; primêre onderwysstudente meer op die kind gerig is, teenoor sekondêre onderwysstudente wat meer vakgerig is (Book & Freeman, 1986:50; Robertson *et al.*, 1983:17). Opnames deur Tauber (1992:99) toon dat onderwysstudente dikwels uit die onderste kwart van die matriekbevolking kom en dat onderwys dikwels 'n beroepskeuse is totdat "iets beters" gedoen kan word. Hierdie neiging word deur Nel bevestig (1986:206). Hy het bevind dat 43% studente van 'n HOD-ondersoekgroep, 'n beroep buite die onderwys beplan. Uit 'n studiegroep van vroulike onderwysstudente aan die UPE is bevind dat 80% van hulle slegs 'n D-simbool of laer in die matriekeksamen behaal het en die swakste studiepotensiaal van alle damesgroepe vertoon het (Garbers & Van Aarde, 1974:118). Claassen (1976:14) bevestig hierdie statistiek met ontmoedigender syfers wat aandui dat slegs 15,3% van die eerstejaaronderwysstudente aan drie Afrikaanse universiteite in Transvaal een of meer simbole hoër as 'n C-simbool in die matriekeksamen behaal het. Dit beteken dat 84,7% studente geen simbole hoër as 'n C-simbool behaal het nie. Hierdie tendens skrik potensiële onderwysstudente wat akademies bekwamer is, af en dra tot 'n negatiewe beeld van die onderwys by (Tack, 1986:76).

'n Studie deur Behr (1985:109) toon aan dat 72% van die studente se sukses in eerstejaarkususse toegeskryf kan word aan agtergrondskennis wat op skool opgedoen is. Akademiese bekwaamheid en sukses in onderwysersopleiding is ook deur Van der Merwe (1979:186) en Verhoef (1989:18) ondersoek en resultate uit hierdie ondersoeke toon beduidend positiewe korrelasies. Gesien in die lig daarvan dat navorsers saamstem dat huidige prestasie die beste voorspeller van toekomstige prestasie is (Messick, 1979:284; Klopper, 1984:39;

Monteith, 1984:42], is dit dus moontlik om af te lei dat die akademies swakker applikante ook later in studie en onderwys die swakker presteerder sal wees. Dit is voorts onregverdig om te verwag dat die onderwys van die toekoms aan hoër eise onderwerp sal word sonder verskaffing van die nodige bronne om dit te hanteer [Tom, 1981:49; Griffith, 1983:12–15]. 'n Basiese bekwaamheidsvlak in die bekende "three R's" [lees, skryf en reken] sou ten minste as minimum verwag word [Nelli, 1981:41; Webster, 1988:246]—'n verwagting wat, te oordeel aan die kwaliteit van sommige onderwysers se skryf en rekenvermoëns, waarskynlik nog nie na wense realiseer nie [Griffith, 1983:13–15].

Du Plessis & Vosloo [1993:72] bevestig dat daar 'n onmiskenbare verband tussen intelligensie en die vermoë om kreatiewe onderwys in die primêre fase te beoefen, bestaan. Die gewilde argument dat akademiese oriëntasie nie noodwendig met 'n belangstelling in en liefde vir kinders verband hou nie, word nie deur getuies ondersteun nie [Hopkins & Reid, 1985:234] en het dikwels slegs die verdoeseling van die minder intellektuele/akademiese vermoëns van sommige onderwyskandidate ten doel. Verhoogde akademiese toelatingsvereistes of selfs 'n toelatingseksamen, soos in sommige oorsese lande die geval is [Van der Merwe, 1979:106], kan dalk oorweeg word om die kwaliteit van applikante te verhoog—'n saak wat ook sterk deur Gunn & Peterson [1990:85] bepleit word, op voorwaarde dat sodanige toetse nie slegs op akademiese bekwaamhede berus nie, maar ook elemente wat met onderwystake verband hou, insluit [Kerr *et al.*, 1987:266; Webster, 1988:245]. Dit behoort volgens Brezinka [1987:231] selfs elemente te bevat waardeur persoonlikheidskwaliteite bepaal en beoordeel kan word, veral daardie wat vir die onderwys noodsaaklik geag word. 'n Waarskuwing word egter ook teen die gebruik van sodanige toetse gerig as die betroubaarheid en geldigheid daarvan nie aanvaarbaar is nie [Madaus & Pullin, 1987:31]. Aanvraag en aanbod behoort ook nie toelatingsvereistes vir onderwysersopleiding te bepaal of te beïnvloed nie, want dan kan kwaliteit ingeboet word [Rabinowitz & Mitzel, 1961:157].

### 3.5.3 Werwing

Die siening dat onderwys vir die leerlinge waarskynlik die bekendste beroep is, gesien in die lig daarvan dat hulle elke dag daarmee kennis maak en in

kontak met die onderwyser is, is nie volkome waar nie. Le Roux (1978:204) het bevind dat matriekseuns se kennis en inligting oor die onderwysberoep beperk is en moontlik 'n rede is waarom nie méér seuns, veral Engelssprekendes, 'n onderwysloopbaan oorweeg nie. Die voorbeeld wat die onderwyser stel om leerlinge te beïnvloed om onderwys as beroep te oorweeg, is dikwels negatief en soms ontmoedig dit die leerlinge. Le Roux (1978:129) bevind dat 51% van matriekseuns wat in sy studie betrek is, beweer dat hulle nie 'n onderwyser teëgekom het wat hulle so beïndruk het dat hulle 'n onderwysloopbaan sou oorweeg nie. Hierteenoor het 57% beweer dat hulle 'n teësin in onderwys as beroep ontwikkel het juis as gevolg van 'n onderwyser.

Te oordeel aan die status wat onderwys 'n aantal jaar gelede gehad het, vergeleke met hedendaagse uitsprake daaroor, is die beeld van onderwys nie wat dit behoort te wees nie. Die beleid van rasionalisering dra verder tot die skepping van 'n klimaat van onsekerheid by. Dit is egter die gebrek aan professionele bekwaamheid wat die beeld die meeste aftakel (Brezinka, 1987:231)—professionele bekwaamheid wat nie slegs deur optrede bevestig word nie, maar ook deur kwalifikasiesertifikate teen die muur ondersteun word (Tauber, 1992: 99). Professies is gewoonlik op 'n spesifieke terrein afgestem, maar Truter (1988:157) wys daarop dat die verwagting dat die onderwyser op vele terreine moet werk, die professionele status van die onderwys benadeel. Die onderwyser moet gereeld take verrig waarvoor hy nie opleiding ontvang het nie of waarvoor ander nie kans sien nie. As pakesel van die gemeenskap word die onderwyser uitgebuit. Wanneer sake op verskeie terreine skeefloop, word die oorsaak by die onderwys gesoek en pogings aangewend om dit vandaar reg te stel. As nasionale sportlui nie presteer nie, moet die saak vanuit die onderwys reggestel word en as feestelike geleenthede beplan word, moet die onderwys die leidende rol speel. Dis die onderwyser wat die kultuurvlam brandende moet hou en as pannekoekverkoper, busbestuurder, grassnyer, baanmerker, en bedelaar vir fondse en wat nie nog nie, moet optree. Dié klein jakkalsies, tesame met die feit dat die onderwyser se dag nooit eindig nie en die vergoeding wat hy ontvang (wat nie werklik met ander professies vergelyk kan word nie), is dalk die rede waarom Jan Alleman en sy vriende 'n vrye en "gesaghebbende" sê oor die onderwyser en onderwyssake het (Van der Stoep, 1976:3; Truter, 1988:157).

Professionele voortreflikheid is volgens Brezinka (1987:231) 'n voorwaarde vir 'n professionele etos van aansien en dit kan bereik word deur geskikte kandidate te selekteer, doelmatige opleiding en verdere gespesialiseerde indiensopleidingskursusse te verskaf, asook deur beheer oor die professie uit te oefen deur middel van kollegas en adviseurs. Professionele status bestaan egter nie op sigself nie; dit is iets wat verdien behoort te word uit toewyding, integriteit, vertroue en eerlike, harde werk; asook deur kennis van die vak, die oordra van vakinhoude en die fundamentele beginsels van die pedagogiek (Clamp, 1989: 14; Truter, 1988:158). Dit blyk dus dat die onderwys nog nie oor professionele status beskik nie, maar besig is om te professionaliseer (Bondesio, 1983:30).

Die beeld wat deur 'n professie uitgestraal word, beïnvloed beslis potensiële kandidate om tot die professie toe te tree al dan nie. Die onderwyser as grootste eksponent van die beeld van die onderwys, skep daardie beeld deur wie en wat hy is, en deur sy interpersoonlike optrede (Van der Linde, 1989:84). Wanneer kandidate vir die onderwys gewerf word, moet elke onderwyser besef dat hy dus direk of indirek daarby betrokke is.

Die gemeenskap het waarskynlik ook 'n bydrae te lewer. Die onderwys is die steel van 'n paddastoel wat 'n paddastoelontwikkeling saam met ekonomiese vooruitgang, toename in geleerdheid, bloei van ander beroepe en die styging in lewensstandaard moet voed en dra (Preller, soos aangehaal deur Le Roux, 1978:3). As die steel verdroog, sal die sambreel ook verwelk; dus moet die steel nie buite rekening gelaat word as die sambreel met veelkleurigheid spog nie.

Huidige werwingsaksies is waarskynlik nie kragtig genoeg nie en word te veel aan slegs die voorligteronderwyser oorgelaat. Daar word nie genoegsaam gebruik gemaak van beskikbare werwingsbronne, -tegnieke en -middele nie (sien 3.2.1). Tauber (1992:102) toon aan hoe die kwalifikasies van onderwysers benut kan word om kandidate te beïnvloed om tot die onderwys toe te tree. Volgens hom word die moontlikhede nog nie ten volle benut nie en behoort vaardighede en prestasies wat onderwysers op velerlei terreine behaal, onder leerlinge en ouers se aandag gebring te word. Die gebrek aan genoegsame dryfvere om 'n aansienlike getal topkandidate vir die onderwys te werf, laat egter die vraag ontstaan of daar nie alternatiewe metodes aangewend kan word wat doel-

treffender werwing wel moontlik maak nie. Tack (1986:76) wys op 'n aantal moontlikhede, naamlik volle beurstoekennings, vroeëre identifisering van topkandidate en voorbereiding deur bepaalde programme, asook waarborge aan topkandidate vir 'n pos na voltooiing van studies. Spesiale werwingsaksies is nodig om veral mans met uitstaande kwaliteite vir die onderwys te werf. Le Roux (1979:33) spreek sy kommer oor die kwynende getal mans in die onderwys uit (veral in die primêre onderwys) en gepaardgaande daarmee, die negatiewe invloed daarvan op die opvoeding van die kind. Die persepsie kan ontstaan dat primêre onderwys uitsluitlik 'n beroep vir die vrou is (Le Roux, 1979:34). Navorsing oor die gewenste verhouding van mans tot dames is noodsaaklik en gevolglike regstellende aksie behoort geneem te word.

### 3.5.4 Dokumentasie

Probleme word met dokumentasie ondervind deurdat dit nie met die nodige sorg voltooi word nie. Dié saak word dikwels na die DSO of voorligter gedelegeer wat sekere afdelings self voltooi, maar ander deur die registeronderwyser laat afhandel. Kursuskeuses en vakkeuses is soms nie relevant nie, of word nie deur die betrokke opleidingsinstansie in die kombinasie wat die applikant dit wil neem, aangebied nie. Inligting ten opsigte van die applikant se betrokkenheid by skoolaktiwiteite is dikwels onvolledig of nie meer van toepassing nie. Die versoek is dat veral die laaste twee jaar se aktiwiteite vermeld behoort te word, maar datums word nie altyd verstrek nie. Die akademiese prestasie (simbole) van applikante word soms verstel om 'n beter indruk te skep. Selfs verstelling aan IK-tellings word nie uitgesluit nie. By die voltooiing van Deel II van die TOD 53 laat die keurkomitee hulle dikwels deur die evaluering van die skool lei, daarom is 'n akkurate evaluering van die persoonsbeeld van die applikant deur die skool baie belangrik. Hulle ken die applikant waarskynlik die beste aangesien hulle hom reeds 'n geruime tyd kon waarneem en dus 'n goeie oordeel behoort te kan vorm. Dis nie altyd vir die keurkomitee moontlik om 'n betroubare oordeel binne die tydsbestek van die onderhoud te vorm nie.

Die afdelings van die TOD 53 waar die persoonsbeeld geëvalueer word, lok heelwat kritiek uit. Dit word bevraagteken of die hoedanighede wat daarin

beoordeel word die goeie en swak kandidate kan onderskei, veral gesien in die lig daarvan dat hierdie beoordeling oorwegend op subjektiewe bene staan. As voorbeeld dien die evaluering van kandidate tydens keuring in 'n streek waarin 94% gekeurde kandidate in 1993 'n $B^{+}$-simbool verwerf het. Die waarskynlikheid dat hierdie groep kandidate almal van presies dieselfde gehalte was, is te betwyfel. Hoedanighede wat die doeltreffende onderwyser kenmerk en hom van die minder doeltreffende onderwyser onderskei, en wat objektief bepaal word, sou eerder hier van pas wees. Navorsingresultate wat in hierdie verband relevant is, is volop en kan vir dié doel benut word. Die volgende dien as voorbeelde:

- Roose *et al.* (1985:219) wys op noodsaaklike onderwyskwaliteite soos medemenslikheid, vindingrykheid, energie, selfvertroue, behoudendheid, humorsin en kommunikasievermoë.
- Zak (1981:270) bevind dat persoonlikheidstrekke beter as kognitiewe vermoëns tussen gekeurde en afgekeurde onderwysstudente onderskei. Gekeurde studente is vriendeliker, meer geneig tot eksperimentering en beskik oor groter selfbeheersing.
- Van der Merwe (1979:189) het in 'n omvattende ondersoek bevind dat die suksesvolle onderwyskandidaat in 'n meerdere mate intelligent, inskiklik, gehoorsaam, teerhartig, fyngevoelig, kalm, bedaard en vol selfvertroue is.
- Marais *et al.* (1987:248) het in 'n ondersoek na die nie-kognitiewe faktore wat tot die sukses van HOD-studente bydra, bevind dat eiewaarde, selfbeheer, gesondheid, sosialiteit in groepsverband en morele inslag van die elf beste voorspellers vir sukses was.
- Marais (1988:326) het die persoonlikheid van HOD-studente met die Jung-persoonlikheidsvraelys ondersoek en bevind dat die onderwyser as die ekstroverte gevoelstipe getipeer kan word. Volgens Jung se teorieë oor persoonlikheid is hierdie tipe goed aangepas in die wêreld. Hulle stel in menseverhoudings belang; hou van groot groepe en sosiale aktiwiteite; hou van mense; het baie verbeelding; kan simpatiek en hulpvaardig wees; en is hartlik en geesdriftig.
- Burns (1987:151) haal navorsing aan waaruit dit blyk dat die doeltreffende onderwyser buigsamer is; sensitief en empaties teenoor die behoeftes van

kinders is; die vermoë besit om hul onderrig te verpersoonlik; 'n waarderende en versterkende gesindheid openbaar; 'n gemaklike, warme kommunikatiewe onderrigstyl openbaar en emosioneel aanpasbaar is. Uit eie navorsing toon Burns (1979:22) aan dat 'n positiewe selfbeeld met aanvaarding van ander verband hou en dat alle eienskappe wat die doeltreffende onderwyser van die minder doeltreffende onderskei, elemente van selfaanvaarding bevat.

- Kowalski & Weaver (1988:98) het bevind dat die uitmuntende onderwyser akademies uit die boonste 20% van hul matriekgroep kom, oor beter onderrigvaardighede beskik, aktief by buitemuurse programme betrokke is en oor hoër kwalifikasies beskik as wat benodig word.
- In 'n samevatting van omvattende navorsing oor doeltreffende onderwys, deel Westerman (1989:28) die eienskappe van doeltreffende onderwysers in vier kategorieë in, naamlik onderrigbestuurseienskappe, kurrikulumbestuurseienskappe, gedragsbestuurseienskappe en persoonlike eienskappe en gesindhede.

Die beeld van die doeltreffende onderwyser is egter nog onvolledig, maar volgens Moolman (1981:330) is die meeste navorsers dit eens dat die doeltreffende onderwyser soos volg getipeer kan word:

- 'n goed voorbereide en taakgeoriënteerde persoon;
- hy bied goed gestruktureerde, georganiseerde lesse aan, met glasheldere aanbiedingswyse en verduideliking;
- hy maak van 'n verskeidenheid onderrigmateriaal en tegnieke gebruik;
- hy is goed gemotiveerd en entoesiasties;
- hy motiveer sy leerlinge, moedig hulle aan, vermy negatiewe kritiek en hy koester hoë verwagtings van hulle;
- sy leerlinge word aktief betrek en individuele aandag word aan hulle geskenk; en
- hy maak hoofsaaklik van 'n algemene, indirekte onderrigbenadering gebruik.

Navorsingsresultate soos hierdie kan moontlik gebruik word om nuwe objektiewe maatstawwe vir onderwyskeuring saam te stel wat saam met ander kriteria aangewend kan word.

Die feit dat die onderwyser die grootste gedeelte van die dag voor die oë van leerlinge is, beteken dat sy algemene voorkoms, fatsoenlike kleding, persoonlike netheid en verfynde houding, aspekte is wat nie oor die hoof gesien mag word nie. Dié faset word wel volgens die TOD 53 beoordeel, maar kandidate word egter sodanig vir onderhoude voorberei dat selfs die algemene voorkoms nie deur die keurkomitee na waarde beoordeel kan word nie.

### 3.5.5 Die keuringsonderhoud

Hoewel Moolman (1981:337) bevind dat die onderhoud en gepaardgaande simboolwaardes van die keurkomitee tans die betroubaarste kriteria vir keuring van onderwyskandidate is, kan hierdie betroubaarheid waarskynlik verhoog indien probleme wat tans nog voorkom, uitgeskakel word.

Die doel van die keuringsonderhoud is om 'n omvattende en akkurate waardebepaling van kandidate se kwaliteite te maak met die oog op 'n geldige en betroubare voorspelling van hulle toekomstige werkverrigting in 'n bepaalde rol (die onderwysrol), vergeleke met soortgelyke voorspellings wat vir ander kandidate gemaak is (Botha, 1989:14). Inligting omtrent kandidate filtreer eers deur die hoogs subjektiewe sif van die onderhoudvoerder se eie siening, behoeftes en vooroordele. Botha wys ook op ongewenste kenmerke wat gemeenskaplik by onderhoudvoerders voorkom en vermy behoort te word. Vermyding is egter eers moontlik as 'n mens van sodanige foute bewus is. Die volgende voorbeelde kan die objektiwiteit van die onderhoud benadeel:

- *Die toegeeflikheidsfout:* Dit kom voor waar die onderhoudvoerder dit nie oor sy hart kan kry om "*te streng*" te wees nie. Kandidate word dan maklik oorskat, of 'n gemiddelde evalueringsimbool word toegeken. In die onderwys kom dit voor waar 'n kandidaat moeilike huislike omstandighede het en dikwels, as gevolg daarvan, ligter beoordeel word.
- *Die logikafout:* Dit kom voor waar eenderse gevolgtrekkings gemaak word oor eienskappe wat oënskynlik met mekaar verband hou. Die kandidaat wat alle aanduidings gee dat hy 'n vinnige denker is, mag uiteindelik nie besonder intelligent wees nie. Voorkoms, veral gelaatstrekke, kan soms mislei-

dend wees; hoewel dit in sekere poste van deurslaggewende belang is. In die onderwys word kandidate in leerlingraadsdrag soms oorskat of bevoordeel omdat daar veronderstel word dat dit 'n goeie kandidaat is.

- *Die stralekransfout:* Dit kom voor as die onderhoudvoerder die kandidaat in terme van 'n algemene houding teenoor sy totale persoonlikheid beoordeel. Mans beoordeel dikwels 'n aanvallige dame anders op grond van haar aantreklikheid. Dit kom waarskynlik ook in die onderwys voor waar uiterlik aantreklike dogters bevoordeel word, of waar 'n kandidaat 'n belangstelling van die onderhoudvoerders deel wat hulle dan beïndruk of by hulle byval vind. Leerlingraadslede of leiers op ander terreine kan ook as gevolg van hierdie fout bevoordeel word.
- *Die spieëlbeeldfout:* Dit kom voor as die onderhoudvoerder homself as suksesvol beskou en dieselfde eienskappe as wat hy in homself sien, by die kandidate soek. Dit blyk egter nie dat hierdie fout algemeen in onderwyskeuring voorkom nie.
- *Vaardigheid:* Die beoordeling van vaardighede kan soms voor die hand liggend wees, veral as bepaalde vlakke van spesifieke vaardighede vereis word. Waar kombinasies van vaardighede en wisselende grade daarvan benodig word, soos in die onderwys, is dit moeilik bepaalbaar.
- *Volwassenheid en emosionele stabiliteit:* Hierdie kwaliteite is op sigself moeilik meetbaar en in die bestek van 'n onderhoud bykans onmoontlik om vas te stel. Onderhoudvoerders verlaat hulle dikwels op hul intuïsie en lewenservaring en dus bly die beoordeling daarvan subjektief.
- *Persoonlikheid:* Sonder gespesialiseerde toetse is die bepaling van persoonlikheid onmoontlik. Ook hier kan slegs 'n subjektiewe veralgemeende evaluering gegee word.
- *Houding teenoor die beroep:* Die rede waarom die kandidaat aansoek doen, word dikwels as genoegsaam geag om beroepsgesindheid af te lei. Kandidate kom egter goed voorbereid na die onderhoud en gee dikwels antwoorde wat die onderhoudvoerders graag wil hoor. Wat onderwyskeuring betref, geld hierdie stelling des te meer. Die navorser is daarvan bewus dat kandidate vir die keuringsonderhoud afgerig word. Dit verklaar waarskynlik waarom die Onderwyskollege van Pretoria feitlik geen korrelasie vind in die graderingsimbool deur keurkomitees toegeken en hul eie seleksie-evaluering

nie (Moolman, 1981:91). Kandidate doen gereeld om onderwyskeuring aansoek bloot as 'n veiligheidsmaatreël indien aansoeke vir ander kursusse nie slaag nie. Dit is dikwels sterker kandidate wat goeie evalueringsimbole ontvang. Hulle is egter vir die onderwys verlore as die ander aansoeke slaag. Die feit dat hierdie kandidate ander kandidate se kanse om gekeur te word, benadeel, wek kommer.

Martin (1993:80) doen enkele wenke vir onderhoudvoerders aan die hand wat ook vir die keuringsonderhoud nuttig kan wees. Die atmosfeer wat tydens die onderhoud heers, is van deurslaggewende belang. Dit is die taak van die voorsitter om 'n gemaklike atmosfeer te skep en applikante op hul gemak te stel. Dit begin volgens Martin reeds met 'n ferm handdruk voor die onderhoud. Hierdie groetaksie behoort ook nie oor die lessenaar te geskied nie, aangesien dit die verskil in posisie van onderhoudvoerder en applikant beklemtoon.

Vaardighede in interpersoonlike verhoudings is noodsaaklik. Dit sluit oogkontak met applikante wat aangespreek of aangehoor word in en veronderstel dat daar deeglik na die applikant geluister word. Onderhoudvoerders moet nie slegs hoor wat hulle wil hoor nie, maar applikante genoegsaam geleentheid gee om te praat. Erkenning deur gebare of opmerkings gee 'n aanduiding dat daar geluister word en moedig die applikant aan. Opmerksaamheid is nodig sodat bepaalde gedraginge van applikante (liggaamstaal) waargeneem word en afleidings gemaak kan word. Geslote vrae wat net 'n ja of nee antwoord het, behoort vermy te word. Onderhoude behoort altyd op 'n positiewe, vriendelike noot af te sluit. Geleentheid moet vir applikante gegun word om vrae te vra voordat hulle verdaag. Daar word ook aanbeveel dat die onderhoudvoerder die applikante bedank vir openlikheid, eerlikheid en gemoedelike deelname.

Die betroubaarheid van evalueringsimbole, gesien teen die agtergrond van 'n hele aantal keurkomitees wat in Transvaal keuring onderneem, word bevraagteken. In elke streek tree daar 'n aantal (3–5) superintendente (Kring) as voorsitters van keurkomitees op, elkeen met 'n eie aanslag en klem. Te oordeel aan 'n vergelyking van die kandidate se evalueringsimbole in 'n bepaalde streek waarin drie voorsitters met keurkomitees die keuring onderneem het, word gemeen dat 'n betroubaarder evaluering verkry kon word deur van een streek-

komitee gebruik te maak. 'n Enkele komitee vir die totale keuring van kandidate vir die TOD sou wenslik wees, maar die praktiese uitvoerbaarheid daarvan is voor die hand liggend. Om kandidate gesentraliseerd te keur, sou moeilik wees, en om alle skole te besoek, onmoontlik.

### 3.5.6 Seleksie

Seleksieprosedures bepaal dat kandidate in rangorde volgens beskikbare kwotas geplaas en geselekteer word (sien 3.4.6). Geselekteerde kandidate word dienooreenkomstig ingelig terwyl ander op 'n waglys geplaas word. Geselekteerde kandidate word versoek om die TOD in te lig rakende hul voorneme om vir onderwysopleiding aan te meld. Soos wat inligting van geselekteerde kandidate wat nie meer onderwys as beroepskeuse oorweeg nie, ontvang word, word van die kandidate op die waglys geselekteer. Finale kontrole kan eers gedoen word nadat tersiêre opleidingsinstansies met klasse begin het. Kandidate wat op die waglys geplaas is, kan egter nie tot hierdie laat stadium vir die uitslag van onderwysseleksie wag nie en raak dus vir die onderwys verlore. In der waarheid beteken dit 'n dubbele verlies, aangesien die aanvanklik geselekteerdes ook verlore is. Hoe groot hierdie probleem werklik is, kan gesien word uit die kwotas en registrasie van sekondêre onderwysstudente vir 1991 en 1992 (Webber, 1992).

**Tabel 3.1** *Kwotas en registrasie van sekondêre onderwysstudente vir 1991 en 1992*

| Jaar | Kwota | Registrasie |
|---|---|---|
| 1991 | 1304 | 637 |
| 1992 | 1726 | 501 |

In 1991 het 48% van geselekteerde kandidate uiteindelik met onderwysopleiding begin, teenoor 'n skrale 29% in 1992. Dus het 71% van die aanvanklik

geselekteerde groep vir die onderwys verlore geraak. Dié statistiek skep 'n selfs beter prentjie as wat werklik die geval is, gesien in die lig daarvan dat kandidate op die waglys telkens geselekteer is in die plek van kandidate wat nie die seleksie opvolg nie. Dit maak die *geselekteerde kwotagroep* groter. Skaars vakke word die meeste geraak; byvoorbeeld in natuur- en skeikunde en wiskunde, onderskeidelik, het slegs 10% van die kwota vir 1992 geregistreer. Dit wil ook voorkom asof meer Engelse kandidate verlore raak. Slegs 25% van die kwota Engelse kandidate teenoor 31% van die Afrikaanse kwota het in 1992 registreer. Hoe hierdie probleem in die praktyk aangespreek moet word, is nog nie duidelik nie, maar dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die keurkomitee om seker te maak dat net kandidate wat werklik ernstig oor die onderwys is, hulle vir keuring sal aanmeld.

Onderwyskolleges word gekritiseer vir inkonsekwente toepassing van seleksiekriteria. Mans wat 'n laer aanslag as dames het, word soms toegelaat (Du Plessis & Vosloo, 1993:72). Sportprestasies verseker sommige applikante van seleksie waar dit nie werklik verdien word nie. Onderwyskolleges kan voorts slegs met moeite die kwotas wat aan hulle toegeken word, vul. Dit bring mee dat seleksie soms beteken dat alle applikante wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, tot onderwysopleiding toegelaat word.

Dieselfde seleksiekriteria geld tans vir alle onderwysgroepe. Die navorser is van mening dat verskillende kriteria vir elke onderwysgroep gebruik behoort te word, aangesien geglo word dat bepaalde eienskappe groepe van mekaar onderskei (sien ook Moolman in 3.5.1). Afsnypunte vir seleksiekriteria is nog 'n probleem wat aandag verdien (Behr, 1985:108).

Alle voorsorg met onderwyskeuring en -seleksie in ag genome, gebeur dit nog dat studente tot die onderwys toetree sonder dat hulle ooit gekeur of geselekteer is. Studente wat om die een of ander rede huiwer om vir keuring aan te meld, kan daarsonder vir 'n graadkursus aan 'n universiteit inskryf. Na suksesvolle voltooiing van hul graadkursus kan hierdie studente vir die HOD-kursus inskryf, waarna hulle as onderwysers kan registreer. Die onderwys blyk nie in beheer te wees van wie tot die onderwys toegelaat moet word en wie nie. Die gevaar bestaan dat eksterne beheer en kontrole oor 'n professie daartoe

kan lei dat kennis en vaardighede ondergeskik gestel word aan die gesag van wie dit beheer (Applegate, 1987:5).

Die verval van alle keuring en seleksie in matriek en die implementering daarvan nadat 'n akademiese komponent voltooi is, word in sommige kringe as antwoord vir huidige probleme genoem (Kowalski & Weaver, 1988:97; Tack, 1986:78). Kitsoplossings vir saamgestelde probleme is egter nie moontlik of van pas nie. Die verantwoordelikheid om oplossings te bly soek, lê op die weg van die professionele onderwys. Die tyd, op die vooraand van 'n nuwe bedeling, is dalk meer as ryp daarvoor dat die onderwys onderwyssake beheer.

## 3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die huidige wyse van onderwyskeuring in die TOD ondersoek. Die begrippe, werwing en keuring, is omskryf en 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van onderwyskeuring is aangebied. Die dokumentasie en metodes wat die TOD gebruik om onderwyskandidate te keur en te selekteer, is vervolgens beskryf en krities geëvalueer. In Hoofstuk 4 word die metode van ondersoek bespreek.